

REFORMASIE 500 (Artikel 10): “EK KAN NIE ANDERS NIE.”

“U Keiserlike Hoogheid en die ander geëer-de here verwag ’n eenvoudige antwoord.

Wel, hier is dit, eenvoudig en reguit. Tensy ek deur die Skrif veroordeel word van ’n dwaling, of (aangesien ek geen vertrouwe het in die ongegronde ge-sag van die pous of die konsilies nie omdat dit duidelik is dat hulle dikwels gedwaal en hulleself weerspreek het) deur gesaghebbende beredenering, **ag ek myself gebon-de deur die Skrif waarop ek my beroep het.**

My gewete is ’n gevangene van God se Woord. Ek kan en sal niks herroep nie, want om teen ons gewete op te tree, is nóg veilig, nóg geoorloof. **Hier staan ek. Ek kan nie anders nie. God help my. Amen ...”**

Met hierdie beroemde woorde het Martin Luther op 18 April 1521 tydens die Ryksdag van Worms finaal die streep in die sand getrek.

In die bykans drie jaar wat verloop het sedert 31 Oktober 1517 het die konflik tussen Luther en die kerk ver-skerp. Nadat Luther deur kardinaal Cajetan gekonfronteer is en na Rome ontbied is, moes hy vir sy lewe uit Augsburg vlug.

**In Julie 1519 het Luther in ’n twis-ge-sprek met Eck van Leipzig die pous se op-
perge-sag en die onfeilbaarheid van konsilies verwerp.**

In Junie 1520 is Luther vergelyk met ’n wilde vark wat ’n wingerd ingedring het, in die pouslike bul (brief) waarin hy met ekskommunikasie gedreig is. Dié brief van pous Leo X is tydens ’n feestelike geleentheid in Wittenberg deur Luther en sy mede-professore en studente verbrand.

In die herfs van 1520 het Luther **drie boekies** ge-skryf wat duidelik aangedui het dat daar nie meer om-draai-kans was nie. **’n Ope brief aan die Christelike adel van die Duitse volk het eerste verskyn. Daarin het Luther klem gelê op die priesterskap van elke gelowige.**

Dit is gevolg deur *Die Babeloniese gevangenskap van die kerk* waarin Luther die sewe sakramente van die kerk bevraagteken het en beklemtoon het dat die Bybel net twee sakramente, naamlik die doop en nagmaal ken.

Die laaste van die drietal was *Die vryheid van ’n Chris-ten* waarin Luther beklemtoon het dat die Bybel leer dat mense uit genade en op grond van geloof **alleen gered word.**

Na die Ryksdag van Worms het die kerk alles in sy ver-moë gedoen om Luther as misdadiger te brandmerk. Frederik van Sakse het hom egter oor Luther ont-ferm en aan hom skuiling gebied in ’n kasteel te Wartburg. **Hier het Luther al sy tyd en energie gebruik om die Nuwe Testament in Duits te vertaal sodat almal die Bybel kon lees.**

Geskryf deur Prof. Johan van der Merwe (Kerkgeskiedenis-professor aan die Universiteit van Pretoria vir e-Kerkbode).



JAARTEMA:
Sáám volg ons Christus

Februarie 2018

Liewe lidmaat

In 2018: Moenie net asemhaal nie, Lééf! Die lewe is kort!

Deon Lewis skryf op facebook:

“My ma is ’n wiskunde onderwyser haar hele lewe lank, selfs nou dat sy nie meer skoolhou nie, is sy steeds ’n wiskunde onderwyser ... een ding van haar wat ek sien is dat sy altyd berekend is. Sy is een van die mense wat altyd dinge teenoor mekaar opweeg, en altyd soek na die **oplossings aan beide kante van die gelykaanteken.**

Vanoggend kry ek 2 video's op whatsapp, en beide van hulle handel oor **die belangrikste berekening wat jy in jou lewe kan maak, en dit is hoe kort die lewe is.** Almal van ons weet dit, maar in ons daaglikse besluitneming sukkel ons om dit toe te pas. **Ervaring het ons geleer dat ons maar altyd berekenend moet wees, nie onverantwoordelik nie, maar versigtig.** Ons seer, ons pyn, ons hartseer, ons stres, ons spanning **weerhou ons soms van die werklike geluk.** Hierdie pyn en seer van ons verlede laat ons op ’n ander manier sommetjies maak, maar dit is dalk **wat ons weerhou daarvan om te leef.**

Gisteraand bel ’n vriendin my wie se hart gebreek is, en ons ken almal daardie gevoel. En sy uiter die woorde: “ek sal nooit weer dat iemand naby my kom nie”. In die nag dink ek aan die woorde, en dink aan hoe ek ook, deur my lesse van die lewe en pyn, die lewe en die toekoms van geluk van myself kan weerhou. Hierdie tipe van denke is dalk hoekom ons nie die wiskunde toets van elke

Ons Visie: Deur Christus-liefde gee ons vir almal om

dag slaag nie. **Ons is so besig net met die een kant van die berekening, dat ons die ander kant weggooi.** Ons raak so verstrengel in dit wat elke dag van ons vra en ons verantwoordelikhede, dat ons nooit die som aan die ander kant van die gelykaan-teken doen nie.

Dr John Demartini praat baie in sy boeke oor **balans**, want **alles in die lewe en ons wêreld werk daarmee.** In sy teorie is ons so besig met een kant van die berekening, die pyn, die werk, die uitdagings, **dat ons vergeet en nie die ander kant kan sien nie.** Die skaal van die lewe, en dit is realiteit, kan tog nie NET maanskyn en rose wees nie, maar dit kan ook nie NET pyn wees nie. **Ons kan nie NET ernstig en bot en hartseer wees nie, dit is nie alleen waaroor die lewe gaan nie.** Ons kan ook nie net eensydig berekenend wees nie, maar moet soms ligsinnig wees, lag en glo dat geluk ons beskore kan wees.

Wat hierdie konsep van balans ons leer is, dit is alles reg om berekenend te wees, maar wees dan berekenend na beide kante toe in jou lewe. Vat die kanse, sonder waarborge. Raak verlief uit jou hart uit, al werk dit dalk nie uit nie. Geniet die lewe, want dit kan jou laaste dag en oomblik op aarde wees.


Die lewe is realisties gevul met 'n klomp onsmaklikhede, maar wat is die punt as jy nie saam met dit die soet ook ervaar en doen nie. **God het ons geskape in liefde, en God wil nie hê dat ek en jy NET vasgevang in die modder van eensydige berekeninge moet verval nie.**

Doen iets vandag wat jou herinner daaraan dat jy lewe, moenie net asemhaal nie, maar koester elke asemteug en LEEF!"

Liewe lidmaat, kom ons bestaan nie maar net nie, maar Lééf in 2018. Kom ons vra die Here om ons te lei om nie net die seer en die uitdagings van die lewe raak te sien nie, maar ook al die geleenthede wat Hy op ons pad - as Sy individuele kinders en ook as gemeente saam - in 2018 plaas. Doen jouself 'n guns en gaan lees weer PREDIKER 3.

Groete, en seen

Ds Leon Tait



BOOMSLOPINGS & SNOEI
GRATIS KWOTASIE
VERSEKERING
KONTAK ERNST by 083 656 4992
www.treecarepta.co.za

Fonteine in die dorsland

Dit gaan goed met mense wat hulle krag in U vind. Vir hulle gaan daar fonteine oop wanneer hulle deur 'n dorre laagte trek.

Psalm 84:6-7

Die gelowige is vir sy geestelike groei afhanklik van vars fonteinwater; veral as hy deur die dorre laagte van smart en droefheid trek.



Jesus Christus is die fontein van lewende water. Hy maak 'n einde aan alle dors sodat ons nooit weer sonder troos deur die dorre laagtes van droefheid hoef te trek nie. Wanneer ons deur die vallei van droefheid en smart trek, ontdek ons en drink ons van die fontein. Hoe meer ons Jesus in ons beproewings vertrou, hoe meer ervaar ons sy lafenis, versterking en vertroosting. Laat ons vir ons krag en oorwinning ons hoop op Jesus Christus vestig.

Heilige God, baie mense in ons land ondervind nie net "dorre laagte" op 'n emosionele vlak nie maar ook op 'n fisiese vlak met die droogte en streng waterbeperkings. Versterk en vertroos hulle. Amen.

Ozrovech S. (2008) Genade vir elke Oomblik,
Christian Art Gifts RSA, bl. 11 Maart



KITAAR, DWARSFLUIT EN SAKSEFOON KLASSE

 **KITAAR:** leer speel en sing heerlijk saam, Kinders (vanaf ± 7jr, moet kan lees) en Volwassenes. Klasse in die Moot. BILLIKE tariewe. **Kom maak jou musiek-droom waar!**  Bied ook Saksefoon en Dwarsfluit aan, 18jr in orkes gespeel.

Kontak Kobus Nel 082 961 9425.

---- DATUMS VAN BELANG ----

- ♦ **3 Feb:** Gemeente Geesbounaweek
- ♦ **4 Feb:** Sangdiens met Dr Johan Pienaar, om 9:00 (Kinders woon by)
- ♦ **18 - 25 Feb:** Sendingfees
- ♦ **25 Feb:** Youthbash om 18:00

Sien jou daar!

DIENSGETUIENIS-BEDIENING

SENDINGFEES 2018

Bied aan:

18 Februarie Sondagoggenddiens:

Andries & Sunette Schwartz van Mosambiek

25 Februarie Sondagoggenddiens:

Johan Naude van Laudiumuitreike.

23 Februarie Vrydag om 18:30 **SENDINGETE**



Etekaartjies sal vooraf te koop aangebied word.



JEUGGROEPE

Jeuggroepe kom Sondagaande **NA** die aanddiens bymekaar (tot nie later as 19:45).

YOUTHBASH & JEUGKUIERS

Youthbash is 'n Lofprysingsdiens wat gehou word op elke laaste Sondag van die maand.

Na die diens kom ons bymekaar en gesels en speel speletjies met koeldrank, chips en lekkers. (Geen kategeese nie.)

Almal is Welkom!

Vir jeuggroep navrae kontak vir Albert by 082 316 1160



Like ons Facebook blad by:

[facebook.com/rietfontein.suid.jeug/](https://www.facebook.com/rietfontein.suid.jeug/)



Geloof liefde en dade

Al wat van belang is, is geloof wat deur die liefde tot dade oorgaan.

Galasiërs 5:6

OMGEE-BEDIENING



KOM SLUIT AAN BY 'N OMGEEGROEP!
Jy sal nie spyt wees nie.

VISIE VAN DIE OMGEE-BEDIENING:

Om deur omgee-verhoudinge in omgeegroep mekaar te help om te groei tot praktiese en gehoorsame navolgers van Christus.

Dit is die bediening wat die **omgeegroep** ondersteun en organiseer.

Omgeegroep is in hierdie gemeente die primêre "voertuig" van bediening en versorging!

☺ As jy oorweeg om by 'n omgeegroep in te skakel kontak vir Tom Rademeyer by 0823729803.

☺ Indien jy kans sien om as 'n omgeegroep-leier opgelei te word kontak ook asb vir Tom.



RIETFLUIT REDAKSIE & ADMINISTRASIE

Vir enige navrae oor advertensieplaasing, getuienis, voorstelle of nuus oor u bediening, stuur gerus 'n e-pos vir Ilze du Plessis by ilzedples@gmail.com.
Kontak nommer is 0721113100